‘N OPENBARENDE STUDIE VAN DIE
WORTELS VAN DIE EENHEID TUSSEN

AGAB en JESEBEL

DEUR

Sandy Warner

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

VAN DIE EENHEID TUSSEN JESEBEL & AGAB

(Die Prinsmag van Jesebel in die eindtye)

Die Jesebelgees, waarvan in die boek van Openbaring gepraat word, is 'n prinsmag gees in die eindtyd kerk. Haar invloed is kragtig en moeilik om te oorkom. Die eerste wapen in die oorkoming van haar invloed, is om dit te herken. Alle Skrif hierna gekwoteer, is vanuit "**Die Bybel in Afrikaans (Ou Vertaling) – Eerste uitgawe 1933**". Vir u gerief, word die Skrifgedeeltes wat in hierdie werkstuk aangehaal word, byeengesit aan die einde in die Skrifstudie. Sekere Hebreeuse en Griekse woorde is ook daar aangeteken vir bykomende studie.

Hierdie studie bevat:

[1] DIE KARAKTER-EIENSKAPPE VAN DIE JESEBEL GEES

[2] DIE AGAB GEES

[3] DIE WORTELS VAN JESEBEL EN AGAB SE EENHEID

[4] DIE OORDEEL VAN JESEBEL

[5] NEEM TERUG ONS LEWENS EN ONS KERK

[6] SKRIFSTUDIE

[1] DIE KARAKTER-EIENSKAPPE VAN DIE JESEBEL GEES

JESEBEL IN DIE NUWE TESTAMENT

1) **Jesebel is in die kerk**

   - (… aan die gemeente in Thiatire: …dat jy die vrou Isebel toelaat …)
   - **Open 2:18 & 20**

2) **Jesebel is 'n vrou**

   - ("vrou Isebel")
   - **Open 2:20**

3) **Jesebel is in leierskap**
Jesebel is 'n leermeester

- ("toelaat om te leer en My diensknegte te verlei")
- **Open 2:20**

4) **Jesebel het volgelinge**

- ("My diensknegte te verlei … almal wat hierdie leer nie het nie")
- **Open 2:20, 24**

5) **Jesebel is selfaangestel**
Jesebel het groot ambisie

- ("wat haarself 'n profetes noem")
- **Open 2:20**

6) **Jesebel is mislei deur satan**
Jesebel mislei ander

- ("die wat die dieptes van die satan, soos hulle dit noem")
- **Open 2:24**

7) **Jesebel het 'n seksuele geskiedenis**
Jesebel koester wellus

- ("en My diensknegte te verlei om te hoereer")
- **Open 2:20**

8) **Jesebel ontvang 'n kans om te bely**

- ("En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie")
- **Open 2:21**

9) **Jesebel is nie leerbaar nie**

- ("… en sy het haar nie bekeer nie")
- **Open 2:21**

10) **Jesebel se oes**

- ("Ek werp haar … in 'n groot verdrukking … en haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak")
- **Open 2:22 & 23**

JESEBEL IN DIE OU TESTAMENT

11) **Jesebel intimideer met haar tong**

- ("… sy stuur 'n boodskapper … sekerlik sal ek more sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle")
- **1 Kon 19:2**

12) **Jesebel beskuldig vals**

- ("en sit twee manne, deugniete, teenoor hom, wat teen hom getuig …")
- **1 Kon 21:10**

13) **Jesebel domineer met vals outoriteit**

- ("Daarop het sy briewe in die naam van Agab geskrywe en met sy seël verseël")
- **1 Kon 21:8**

14) **Jesebel beheer met haar ambisies**

- ("… die brief gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was")
- **1 Kon 21:8**

15) **Jesebel neem die omstandighede oor**

- ("Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe")
- **1 Kon 21:10**

16) **Jesebel bevorder afgodery**

- ("…homself verkoop het … doen wat verkeerd is in die oë van die Here … omdat sy vrou Isebel hom verlei het")
- **1 Kon 21:25**

17) **Jesebel vervolg profete**

- (" … toe Isebel die profete van die Here gedood het nie …")
- **1 Kon 18:13**

18) **Jesebel respekteer nie**

- ("Oefen jy nou die koningskap oor Israel uit?")
- **1 Kon 21:7**

19) **Jesebel oorheers haar man se wil**

- ("Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees")
- **1 Kon 21:7**

20) **Jesebel versier haar uiterlik met die doel om te verlei**

- ("Toe Isebel dit hoor, het sy haar oë swart geverf en haar hoof versier en deur die venster uitgekyk")
- **2 Kon 9:30**

21) **Jesebel het 'n groot en luidrugtige Mond**

- ("Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou heer?")
- **2 Kon 9:31**

Die naam van Jesebel in die Nuwe Testament, beteken "kuis". (#2403). Hierdie woord kom vanaf die Ou Testamentiese Hebreeuse woord Jesebel (#348)('Iyzebel ee-zeh'-bel'). Die betekenis van die Hebreeuse naam kom oorspronklik van 2 woorde: die eerste beteken "nie" en die tweede beteken "woning of blyplek". (Woordstudie aan die einde).

Om dit geestelik te vertolk – die invloed van Jesebel is die beste bekend in die oorsprong van haar naam: sy is nie 'n kuise woonplek nie. Sy mag op die oog af voorkom as 'n maagd, of kuis, maar dit is slegs 'n voorkoms. Sy is ook nie 'n woonplek nie, omdat dieselfde karaktereienskappe van Jesebel, dit baie moeilik maak om saam met haar te lewe!

Sy het 'n toegewyde lewe van immoraliteit bedryf. Sy gebruik haar vroulikheid as 'n wapen om haar sin baie subtiel of openlik te kry deur manipulasie. Uiterlik probeer sy mans aanlok en aantrek. Innerlik verag sy mans en soek hulle net met die doel om hulle te beheer vir haar eie agenda. In die wêreld, sowel as in die kerk, veroorsaak Jesebel se invloed chaos in huwelike, want dit is baie moeilik om saam met haar te lewe. Dikwels word dit gesien waar daar verskeie pogings tot huwelike is.

Jesebel is uiters onafhanklik en kan nie in eenheid vloei met God se mense nie. Die Woord sê, "*Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!*"[1] (**Psalm 133:1**). Sy kom saam met gelowiges, nie om by hulle aan te sluit nie, maar om hulle te beheer. Uiterlik mag dit lyk of daar harmonie is tussen diegene saam met wie sy "woon", maar dit is slegs omdat sy die magte van intimidasie, manipulasie en beheer gebruik om hulle te onderdruk.

---

[1] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Hierdie gees is baie ambisieus, dus bevorder sy haarself om te heers oor, te regeer, en oor te neem met haar eie agenda. Sy is selfverheerlikend en begeer dat ander "na haar opkyk" – m.a.w., haar aanbid. Sy bevorder en verhoog ook uiterlike voorkoms.

Haar tong is luidrugtig, maar kan ook verleidend en sjarmant sag wees – sy gebruik beide uiterstes. Sy is skerpsinnig, aanhoudend en/of misleidend. Haar bedrewe tong sal beskuldig, verkleineer, bekoor, verlei, dreig, opponeer, vereis, ens. Sy gebruik haar mond om oor te neem, outoriteit toe te eien, en om te leer – tog bly syself onleerbaar.

Die Jesebel in die Nuwe Testament is baie misleidend, omdat haar Nuwe Testamentiese naam "kuis" beteken. Tog, uit wat Openbaring van haar sê, is sy alles behalwe kuis. Hierdie woord "kuis" het sterk konneksies met Jesebel binne Christelike kringe, en is baie misleidend binne die rangordes. Sy is bedrewe in kullery.

In hierdie laaste dae sal die mag van Jesebel baie mislei, a.g.v. die mag agter haar. Soos die Here Sy ware dienaars verhoog, die profete en apostels, sal die vyand ook sy Jesebel dienaars bekragtig. In die Ou Testament het Jesebel vir Baal aanbid. In die **Brown-Driver-Brigg's Hebrew Lexicon** (definisies), beteken die woord Jesebel "Baal verhoog" of "Baal is die man van" of "onkuis". In die boek **Openbaring** waar sy haarself 'n profetes noem, is dit slegs logies dat sy 'n bron van bonatuurlike krag moet hê om haar te rugsteun. Sy sal in staat wees om te profeteer met 'n sekere graad van akkuraatheid (net soos die fortuinvertellers) en sy mag ook bonatuurlike tekens hê wat haar volg. Dit is belangrik om met wysheid te onderskei in die komende tye, sodat ons nie mislei word nie.

In die **Ou Testament**, het sy God se profete gehaat en probeer om hulle te vernietig. In die wêreld, is die gees van Jesebel die mees algemeen in die vroue-vryheidsbeweging, wat lesbianisme insluit. Een manier om God se profete letterlik te vernietig, is deur aborsie – om 'n uitverkore geslag te aborteer. In die kerk is die vervolging van God se ware dienaars meer subtiel, sodat dit nie ontdek moet word nie. Die tong is haar beste wapen. Of dit skerp of strelend is, dit word bekragtig en aangedryf deur dominering, intimidering en manipulering. Op 'n geestelike vlak word God se skool van profete gekorrupteer en vernietig deur haar invloed, wanneer hulle mislei word deur plaasvervanger geeste.

Behalwe die baie karaktertrekke genoem in hierdie studie, kan Jesebel ook onderskei word deur na God se ware dienaars te kyk. Jesebel is die teenoorgestelde van die volgende:

GOD SE DIENAARS:

Hul monde, gedrag en motiewe is:

1. Liefdevol – goedhartig, vergewensgesind, geduldig, genadig en eg
2. Nederig – sagmoedig, vredevol, respekvol, eerbaar
3. Leerbaar – belydend, onderdanig, vormbaar, toegeeflik, samewerkend, sagmoedig
4. Gulhartig – vrygewig, opofferend, dienend, onselfsugtig
5. Verenig – samewerkend, harmonieus, bedagsaam, afhanklik, vloei in kameraadskap
6. Deursigtig van binne na buite en buite na binne – eg, heilig, eerlik, blaamloos
7. Selfloos – verhoog die Here, nie hulself nie.

2] DIE GEES VAN AGAB

Direk onder die gees van Jesebel, is die gees van Agab. Hulle werk saam om 'n kragtige alliansie te vorm. Agab in die Ou Testament, was 'n koning bekend vir kompromie. Sy val was toe hy trou met die ambisieuse Jesebel wat hom verlei het tot allerhande soorte boosheid.

1 Konings 21:25 *[25]"Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het."*[2]

In plekke waar Jesebel regeer, sal jy 'n teenoorgestelde geestelike mag waarneem wat haar in staat stel om in beheer te wees. Agab se geestelike mag of kompromie, bou vir Jesebel, en stel haar geestelike invloed in staat om te domineer. Agab, in die Skrif, het toegegee aan Jesebel se sjarme, wou konfrontasie vermy, het passief geword, sy stem opgegee en sy outoriteit gekompromeer. Agab was begaafd in strydvoering, en het op die oog af nie swak karaktertrekke gehad nie. Maar toe daar 'n alliansie met Jesebel gevorm is, het hy gebuig onder haar invloedryke sjarme.

Ek het 'n interessante oorlogvoerings ervaring gehad wat lig gewerp het op Agab. 'n Groep van 12 intersessors was byeen en het outoriteit geneem oor die Jesebelgees binne ons kerk. Ons het 'n sirkel gevorm, arms ingehaak, met gesigte na buite die sirkel. Ons het vir 'n tyd in tale gespreek. In eenheid het ons haar magte gebind in Jesus Naam, en outoriteit geneem oor al haar wortels, dit vervloek en beveel om te sterf en op te droog in Jesus Naam.

[2] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Dit was ‘n kragtige aand van oorlogvoering, feesviering en die daaropvolgende vloei in gawes.

Die byeenkoms was onverwags gereël, en ek het dit nie verwag nie. Ek het aan hierdie lesing gewerk die dag voor die byeenkoms. Ek het dit nie genoem tydens die byeenkoms nie. Toe is die rede vir die byeenroeping bekend gemaak. Ek het geweet dat hierdie studie binne ‘n belangrike tydsberekening geval het. Toe, ‘n paar aande later, nadat ek weer aan hierdie studie gewerk, en toe gaan slaap het, het Jesebel my kamer binnegekom, en probeer om deur die rangordes te breek. Met die Here se hulp het ek hierdie mag oorwin, maar wat gevolg het, was interessant. Nadat Jesebel oorwin is, het die gees van Agab homself aangemeld en my toestemming gevra om in my kerk te kon bly en ook by sekere persone!!! Niemand was so verras soos ek nie! Ek het outoriteit daaroor geneem in Jesus Naam, en die volgende oggend die onderwerp op die tafel gebring. Ons het verenig in gebed en dit uit ons kerk uit gelag!!

Ek het al vantevore met owerhede geworstel, en die nag toe Jesebel gekom het, het ek opgemerk dat sy en haar “veglus” swak was. Ek was verras dat dit so maklik was om haar te weerstaan en het gewonder hoekom. Toe bring die Here ‘n paar sake uit die agtergrond onder my aandag. Soms, wanneer ek opdrag gehad het om magte deur die nag te weerstaan, (ek gaan nie agter hulle aan nie, hulle kom staan my teë), kos dit verskeie sarsies oorlogvoering en met elke sarsie word hul gevegskrag swakker. Ek besef toe dat ons ‘n paar weke vroeër ‘n spreker van ‘n ander plek gehad het (wie voorheen ‘n toordokter uit Afrika was) wie ons gemeente in korporatiewe gebed, oorlogvoering, dans en lofprysing tot die Here gelei het – direk teen Jesebel. Ek was uitstedig vir ‘n konferensie, dus het ek dit gemis. Toe onthou ek ook van die onverwagse gebeds byeenkoms waar ons ook oorlog gevoer het. Ek deel dit met julle, omdat daar groot krag is in korporatiewe en verenigde gebed, en dit MAAK ‘n verskil. Ek het dit daardie nag ervaar toe Jesebel gekom het – dit was amper soos ‘n laaste flou poging tot ‘n deurbraak op wat alreeds verklaar en geveg is. Agab is nooit aangespreek nie, hy het bloot as deel van die pakket gekom! Hierdie hele ervaring was ‘n bevestiging dat die twee geeste verenig is vir ‘n groter impak. Dit was ook ‘n bevestiging van die karaktertrekke van die Agab gees.

Sedert hierdie korporatiewe oorwinning, sien ons die bewyse dat die wortels van beheer, ens., binne, en oor die mense, werklik opdroog en hul invloed verloor. Mense se oë gaan oop en hulle begin hierdie dinge in hul eie lewens herken en bely. Diep sake van die hart word spesifiek geidentifiseer, aangeraak en genees!

3] DIE WORTELS VAN JESEBEL EN AGAB SE EENHEID

1 Konings 16:29-33 *[29]"EN Agab, die seun van Omri, het oor Israel koning geword in die agt-en-dertigste jaar van Asa, die koning van Juda; en Agab, die seun van Omri, het in Samaría oor Israel twee-en-twintig jaar geregeer.*
[30]En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers.
[31]En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig,
[32]en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Samaría gebou het.
[33]Ook het Agab die heilige boomstam gemaak, en Agab het nog meer gedoen om die HERE, die God van Israel, te terg as al die konings van Israel, sy voorgangers."[3]

Die mag agter die eenheid van Jesebel en Agab in die Ou Testament, was in hul aanbidding van Baal. Baal was 'n Kanaanitiese en Fenisiese god. Hierdie kulture het baie gode gehad, maar Baal was 'n dominante een, wie se naam beteken "heer of meester". Kanaaniete het geglo dat Baal sy mag verkry het omdat hy ander gode verslaan het. Baal was 'n god wie vrugbaarheid in die natuur of die produktiewe magte van die natuur gesimboliseer het. (Daarom, wanneer hulle Baal aanbid het, is dit gedoen met baie sensualiteit). Hulle het geglo dat Baal die reën en vrugbaarheid vir hul oeste en diere gebring het. Argeologie het beitelwerk gevind wat Baal uitbeeld met 'n weerligstraal en 'n spiespunt in sy hande en hom identifiseer as die god van die reën en storm. Hierdie mense het geglo dat hy weerligstrale uit die lug kon skiet. (Inligting uit **Nelson's Illustrated Bible Dictionary**, (Copyright (c) 1986) Thomas Nelson Publishers – PC Study Bible).

Toe ek Baal bestudeer het, het die weerligstrale my aandag getrek. Die nag toe Jesebel en Agab na my kamer gekom het, was dit te midde van 'n donder- en weerligstorm oor ons gebied! Terwyl ek hierteen oorlog gemaak het, was ek so opgeneem in die Gees, dat ek skaars die storm gehoor of die weerlig gesien het. Toe my man die volgende oggend van die storm praat, het ek skielik gewonder of die storm 'n sigbare skouspel was van hoe die engele met die owerhede geveg het. Daardie dag by die gebeds byeenkoms het mense vertel hoedat hulle nie kon slaap nie a.g.v. die geweldige storm die vorige nag. 'n Week later het 'n 5-jarige seun 'n visioen gehad terwyl hy voor die Here gedans het. Hy het grys weerlig gesien wat opkom uit die vloer. Toe sien hy weerlig wat deur die plafon kom en die grys weerlig vernietig! 'n Paar dae later het hulle 'n hewige weerligstorm gehad oor die gebied waar hy woon. Die bosbou se rekenaar- data het 2 700 weerligslae op rekord, die ergste sedert die laat 80's.

[3] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Ek het nie gedink dat iets hiervan toevallig was nie. Terwyl ek gedink het oor al die weerlig bevestigings van die stryd teen Jesebel, het ek ervaar dat ek die **Strongs** nommer 2700 in die Grieks moet gaan opsoek. Was ek verbaas! [Ek het soms die ervaring dat ek die nommers moet opsoek van die tyd op my digitale wekker terwyl ek visioene kry of die Here hoor].

2700 katatoxeuo {kat-at-ox-yoo'-o}

- Uit 2596 en 'n afleiding van 5115;;v
- AV – deurdruk 1; 1
- 1) om af te skiet of deur te druk met 'n pyl

Hierdie Griekse woord vir die getal 2700 word slegs een keer in die **Nuwe Testament** gebruik. Dit kom voor in die volgende Skrifgedeelte:

Hebreërs 12:20 *[20]"want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word."*[4]

Die konteks van daardie Skrifgedeelte is:

Hebreërs 12:18-21 *[18]"Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm*
[19]en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie —
[20]want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word.
[21]En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder."[5].

Toe Elia die Baal-profete uitgedaag het (**1 Konings 18**) om vuur af te bring uit die hemel, was dit 'n direkte uitdaging tot hul oortuiging dat Baal weerlig kon afskiet uit die hemel. God se daaropvolgende demonstrasie oor Baal se mag, was 'n geweldige teken, tot reg in die hart van hul godsdiens. Elia het hom Jesebel se gramskap op die hals gehaal a.g.v. hierdie magtige daad teen haar god en haar profete.

Soos Agab en Jesebel, is dit interessant dat Baal se minnares Anat was, 'n godin van oorlog, liefde en vrugbaarheid. Argeologiese opgrawings toon naakte figure van Anat, die godin van seks en passie. Sommige studente identifiseer Anat as die koningin van die hemele aan wie die Jode wierook geoffer het. (**Jeremia 7:18; 44:17-19, 25**).

---

[4] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[5] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Uit die bostaande studie van Baal, is dit duidelik dat die eenheid tussen Jesebel en Agab hul wortels in seksualiteit en oorlogvoering gehad het. Agab was 'n koning en 'n soldaat, Jesebel was 'n verleidster en het oorlogswapens van dominering, intimidering en beheer gebruik om mag te verkry. Saam het hulle Baal aanbid, 'n god van vrugbaarheid en oorlogvoering, wie se minnares Anat was, godin van oorlog, liefde en vrugbaarheid. Dit is interessant dat selfs al het Baal mag verkry het deur 'n vegter te wees en ander gode aan hom onderwerp het, (gevind met 'n spiespunt en weerlig in sy hande), hy uiteindelik bekend was vir vrugbaarheid, en nie oorlog nie. Hy het duidelik sy identiteit en magte opgegee vir seks en voortplanting. Die ooreenkoms tussen die eenheid van die twee gode, het ook gestalte gekry in Agab en Jesebel se eenheid. Skriftuurlik word Agab meer onthou vir sy kompromie tot Jesebel se invloed as vir sy oorwinnings in oorlog.

Ek dink die betekenis van die parallel tussen die twee eenhede van die gode en die letterlike koning/koningin, is 'n openbaring van die twee geeste van Jesebel en Agab in die laaste dae gebeure. Tesame het hulle klein Jesebels en Agabs voortgebring. Baie van Jesebel se invloed is om geboorte te skenk aan baie kinders, of aan diegene wat soos hulle lyk en optree. Onthou, die oordeel oor Jesebel sal die dood van haar kinders wees!

4] DIE OORDEEL VAN JESEBEL

Die volgende Skrif kom voor in **Openbaring**, wat handel oor die laaste dae gebeure.

Openbaring 2:21-24[21]"*En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery [4202] te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*
[22]*Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, [2825] en die wat met haar owerspel [3431] bedryf, in 'n groot verdrukking, [2347] as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.*
[23]*En haar kinders [5043] sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*
[24]*En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las [922] lê nie."*[6]

Die volgende Skrif sê dat indien diegene wat owerspel met haar bedryf nie bely nie – hulle ook haar oordeel sal ontvang. Sy het ruimte ontvang om owerspel te bely, maar wou nie. Die woord 'hoerery' kom van #4202 porneia (por-ni'-ah); uit **Nuwe Testament**: 4203; hoerery (insluitende egbreuk en bloedskande); figuurlik, afgodery.

[6]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Hoerery

Hierdie woord lyk verdag baie soos porno. Die gees van porno is heersend in Hollywood, Las Vegas, televisie, vermaak, romantiese novelles, ens. Wees dus versigtig wat jy jou oë (en hart) toelaat om te sien, want deur dit te doen, mag jy dalk eindig met dieselfde oordeel as Jesebel.

A.g.v. televisie, is die Agab gees van kompromie heersend in die Christendom vandag. Mense hou kameraadskap met die duisternis. Hulle mag miskien ander pad kyk gedurende ongemaklike oomblikke, maar die gees van kompromie is alreeds in aksie deur die blote feit dat hulle die programme kyk wat ongoddelike gedrag bevorder. In hierdie laaste dae kom God om die duisternis te ontbloot en uit te sonder, sodat Sy Bruid haarself kan voorberei om suiwer en kuis te wees. Suiwer en kuis is die teenoorgestelde van feesviering aan Hollywood se tafel.

Openbaring 19:7 *[7]"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak."*[7]

Jesebel se oordeel is om in die groot verdrukking van die boek van **Openbaring** gewerp te word. Haar bed van plesier sal haar bed van krankheid word, van erge lyding, las, vervolging, verdrukking en moeilikheid. Dit wat sy produseer, haar nageslag, sal vernietig word.

Dit is ons verantwoordelikheid om te bid vir die belydenis van die stede en industrieë wat baie van hierdie nageslag kweek! Tot een of ander mate, a.g.v. televisie, is die hele Liggaam van Christus beinvloed deur Jesebel en Agab. Die Here roep ons om onsself af te skei en uit te kom. Ons moenie vingers wys nie, maar moet bely dat ons ons kinders oorgegee het as babas – in die arms van TV! Die veiligheid van 'n hele geslag kinders is op die spel a.g.v. die kompromie van hul ouers. Dit kos groot oorlogvoering, intersessie, belydenis en offerande om te verslaan en te oorkom.

Dit is interessant dat Hy van diegene wie nie deel het aan haar bed nie, sê: "*Ek sal op julle geen ander las plaas nie* (922)". In die eindtyd kerk is ons almal geroepe tot oorwinnaars en om die duisternis onder ons voete te plaas. Hierdie spesifieke vers toon aan oor watter groot mag Jesebel beskik en hoe moeilik dit is om saam met haar te lewe. Haar mag is van so 'n aard dat behalwe as iemand deelneem en soos sy word, daar 'n baie sterk oorlog sal moet plaasvind om haar magnetiserende greep los te kry. God sê dat om haar in ons midde te hê, is 'n erg genoeg gewig of las om te oorkom!

---

[7] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

5] NEEM TERUG ONS LEWENS EN ONS KERK

Die binding van 'n owerheid en die afbreking van sy vesting

Ons besit die outoriteit om die magte van Jesebel oor ons eie lewens en die lewens van ons geliefdes, te bind. In 'n korporatiewe opset, kan ons haar magte bind sodat dit nie in ons kerk kan opereer nie. Wanneer ons haar magte bind, sny ons haar af van al haar demoniese ondergeskiktes wat haar bevele uitvoer.

Sommige ondergeskiktes besit 'n mate van hul eie mag en kan tot 'n sekere mate of graad opereer, selfs nadat hul hoofbron afgesny of gebind is. Daar is verskeie maniere om dit te vernietig:

- Een is tyd – hou vol om Jesebel se mag te bind in Jesus Naam, en met verloop van tyd sal die meer ondergeskikte demone moeg word.
- Tweedens, nadat Jesebel gebind is, moet die demoniese opdragte wat uitgestuur is deur haar invloed en op haar bevel, nietig verklaar word in Jesus Naam.
- Derdens, moet haar invloedryke demoniese wortels in Jesus Naam vervloek word, en beveel word om op te droog en te sterf.
- Vierdens moet die verskillende demoniese opdragte toepaslik tot die probleem wat bestaan, individueel genoem word. (Selfbevordering, beheer, intimidasie, misleiding, wellus, valse lering, valse beskuldiging, ambisie, onleerbaarheid, onbelydend, ens.).

Ek glo dat Jesebel 'n owerheid is, 'n geestelike heerser in hoë plekke. Sy is 'n laaste dae invloed soos genoem in die boek van **Openbaring.** Daar gaan 'n tyd kom wanneer die verenigde kerk in staat sal wees om op te staan en haar heerskappy te vernietig in Jesus Naam. Tot dan, kan ons voortgaan om haar mag te bind en al haar werkers af te sny, en met verloop van tyd sal sy haar invloed verloor, omdat haar weermag uitgewis sal wees! Soos haar weermag wegsmelt, so sal ook haar vesting of versterkte plek verswak.

In Christelike leringe is daar verskeie vertolkings vir die woord vesting. Ek glo dat ‘n vesting ‘n versterkte woonplek is, soos ‘n kasteel. Die woord vesting in die **Nuwe Testament** kom uit

2 Korinthiërs 10:3-6*: [3]”Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;*
[4]want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings [Strong’s #3794] *neer te werp,*
[5]terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,
[6]en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.”[8]

Die Griekse Woord (#3794) ochuroma (okh-oo’-ro-mah); kom uit ‘n veraf afleiding van die Nuwe Testament: 2192 (beteken om te versterk, deur die idee van veilig bewaar); ‘n kasteel (figuurlik, argument):

In die **Ou Testament**, is die Hebreeuse woord vir vesting (#4686) matsuwd (mawtsood’); of (vroulik) metsuwdah (mets-oo-daw’); of metsudah (mets-oo-daw’); vir **Ou Testament**: 4685; - beteken ‘n net, of (abstrak) gevange; ook ‘n wydheid; **King James Version** – kasteel, verdediging, fort, vesting, om gejag te word, net, wip, sterk plek.

Tussen die Griekse en die Hebreeuse definisie, is die mees uitstaande karaktertrek van ‘n vesting dat dit versterk is. Die wyse waarop iets in die natuurlike versterk word, is om dit te omring met lae. ‘n Kasteel het dik mure. ‘n Net het baie stringe. ‘n Verdediging het verskeie spelers. ‘n Wip het verskeie stappe tot binne-in die val.

In die geesteswêreld kan ‘n vesting die woning van ‘n owerheid, of sy versterkte woonplek wees. Dis versterk met baie lae van demoniese invloede, saamgevoeg om hul gebied te beskerm en verdedig, ter wille van die beskerming van sy woonplek. In die regte wêreld, word presidente en konings omring deur laag op laag beskerming en ‘n president word nie oorwin sonder om eers deur baie lae invloed te dring nie. Indien die president kwesbaar word, val ‘n groot man. Dieselfde in die geesteswêreld. Daarom is dit baie makliker om Jesebel te oorwin deur haar plekke van versterking of “lae” te verminder.

Dit is vir my interessant dat die Bybel sê ons worstel (of “ons is”) teen owerhede. Dit sê nie ons trek owerhede neer nie, maar wel die vestings. Kyk na hierdie twee Skrifgedeeltes:

[8]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Efesiërs 6:12-13: [12]"*Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*
[13]*Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly."*[9]

2 Korinthiërs 10:3-6: [3]"*Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;*
[4]*want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,*
[5]*terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*
[6]*en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."*[10]

Volgens die Skrif het Jesus, **Kolossense 2:15** [15]"....."*nadat Hy die owerhede* (746) *en magte uitgeklee* (554) *en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het."*[11]

In die Grieks beteken 'uitgeklee' 'n skeiding van wat afgehaal is, om te stroop van, of te plunder. Dit kom van die twee woorde wat beteken "af of weg, en om die klere af te stroop."
Dit is die teenoorgestelde van die woord "toegerus" met krag uit die hoogte. **(Lukas 24:49)**. Daardie woord 'toegerus' (1746), word gebruik op verskeie maniere, en wel 28 keer in die Nuwe Testament – almal beteken om toe te rus met klere, of in 'n kledingstuk in te sink.

Lukas 24:49 – *".....bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte."*[12]

Romeine 13:12 – *"....die wapens van die lig aangord."*

Romeine 13:14 – *"....beklee julle met die Here Jesus Christus...."*

Efesiërs 4:24 – *"....en julle met die nuwe mens moet beklee...."*

Efesiërs 6:11 – *"*[11]*Trek die volle wapenrusting van God aan...."*

---

[9] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[10] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[11] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[12] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

Toe Jesus die owerhede, wie die oorspronklike heersers oor die demoniese wêreld was, uitgeklee het, het Hy hulle gestroop van hul 'toerusting' en hulle het nakend gestaan! Hierdie nakende wesens is openlik blootgestel sodat die hemele na hulle kon kyk en met groot oorwinning kon sing.

Let op dat daar nêrens in die Skrif staan dat Jesus die owerhede neergetrek het nie. Indien Hy dit gedoen het, sou hulle nie meer hier gewees het nie! Maar, Hy het hulle van hul klere gestroop, wat simbolies van hul mag was, en aan ons die sleutels van die Koninkryk oorhandig om hulle op die aarde te bind. Alle demoniese mag op aarde kom weg met die storie dat "hulle bemagtig is", omdat ons nog ons plekke in Christus Jesus moet inneem en oor hulle heers hier op aarde. Ek persoonlik glo dat owerhede sal val indien hul mag voortdurend gebind word in Jesus Naam, want dan sal hul vesting van versterkte demone verswak, en hulle sal geen weermag oorhê om te beveel nie. Terwyl ek gebid het oor die Liggaam van Christus se korporatiewe opdrag om teen owerhede te bid en hulle uit te wis, het ek die Here hoor sê, "Dit kom nog." Watter wonderlike, asemrowende tye is aan die kom!

In vandag se kerk, is daar baie onder die invloed van Jesebel, in verskeie mates. Daar is sommige mense wie van nature vrymoedige, onafhanklike en ambisieuse persoonlikhede het, wat volmaakte teikens is vir hierdie gees om te beinvloed en uiteindelik te gebruik. Daar is ander wat 'n pad van misleiding geloop het deur okkulte praktyke soos horoskope, en hulle volg 'n "stem" wat hulle glo die Here is, terwyl hulle in werklikheid 'n plaasvervangende profesie volg. Ongeag die pad wat gekies word, is daar sekere karaktereienskappe wat algemeen is aan die einde van die pad. Daardie karaktereienskappe het seksuele immoraliteit in hul wortels en nageslag, en het ook die persoonlikheidstrekke van Jesebel soos genoem aan die begin van hierdie artikel. Watter kant toe ookal, die eindresultaat is dieselfde – uiteindelik gebruik Jesebel mense om haar agenda voor te stoot en uit te voer.

Op die vraag of Jesebel mans, sowel as vroue gebruik – ek glo Jesebel kan enige persoon gebruik. Maar, die gees van Jesebel is 'n vrou en haar invloed is groter onder vroue en vroulike karaktereienskappe. Ek het drie vroue geken van wie die Here my spesifiek gesê het hulle is beset deur die Jesebelgees, maar ek het baie "pionne" gesien wat deur haar invloed gebruik is. By een geleentheid het ek oor 'n vertrek heen na 'n dame gekyk, maar het nie werklik op haar gefokus of aan haar gedink nie, en ek het die Here hoor sê, "Jesebel". Omdat dit een van die maniere is waarop ek gewoond is om die Here te hoor deur te herken waarop my oë was terwyl ek Sy stem gehoor het, het ek ingeskakel op waar ek op daardie oomblik gekyk het. Ek het nie hierdie dame persoonlik goed geken nie. Ek was nogal geskok om dit te hoor. Oor die volgende maande het ek haar dopgehou en dit was vir my baie duidelik dat sy ook in die vorm gepas het van die ander twee dames wat ek geken het.

Alhoewel Jesebel baie karaktereienskappe het, en hierdie drie dames het ALMAL van hulle, is dit interessant dat die meeste oorheersende karaktereienskappe van hierdie dames dieselfde is. Hulle is almal obsessiewe praters, hulle domineer die geselskap en luister maar min. Indien hulle 'n vraag vra asof hulle belangstel, val hulle jou in die rede terwyl jy antwoord, en verander die gesprek.

Dit is nie reg dat Christene 'n vinger wys, veroordeel en beskuldig met 'n naamnoemery nie. Dit is reg vir Christene om hul wapens van die stryd op te neem en geeste te beveg, nie mense nie. Dit is reg vir Christene om die mense lief te hê en te bid vir hulle. Indien hulle glo dat die persoon 'n leerbare oomblik kry, moet hulle die waarheid aan hulle deurgee sonder om te argumenteer:

2 Timotheus 2:24-26 *[24]"....en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra.*
[25]Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie,
[26]en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen." [13]

Bo alles, laat ons soos Christus wees in die oorwinning en verslaning van hierdie gees en haar invloed oor mense.

6] SKRIFSTUDIE

Griekse en Hebreeuse studies is geneem uit **Bibleworks for Windows** Copyright © 1992-1995 Michael S. Bushell. Alle regte voorbehou. Kopiereg © 1995 Michael S. Bushell.

NUWE TESTAMENT – JESEBEL KARAKTEREIENSKAPPE

Openbaring 2:18-24:
[18]"EN skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:
[19]Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.
[20]Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.
[21]En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
[22]Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

[13] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

[23]En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.
[24]En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie."
[14]

OU TESTAMENT – JESEBEL KARAKTEREIENSKAPPE

1 Konings 19:2
[2]"Daarop stuur Isébel 'n boodskapper na Elía om te sê: Mag die gode so doen en so daaraan toedoen—sekerlik sal ek môre sulke tyd jou siel maak soos die siel van een van hulle."[15]

1 Konings 18:13
[13]"Is dit nie aan my heer meegedeel wat ek gedoen het toe Isébel die profete van die HERE gedood het nie: dat ek van die profete van die HERE honderd man, vyftig by vyftig, in 'n spelonk weggesteek en hulle met brood en water onderhou het?"

1 Konings 21:5-10
[5]"Daarop kom sy vrou Isébel by hom en sê vir hom: Waarom is jou gees dan so verbitterd dat jy geen brood eet nie?
[6]En hy antwoord haar: Omdat ek met Nabot, die Jisreëliet, gespreek en aan hom gesê het: Gee my jou wingerd vir geld, of as jy wil, sal ek jou 'n wingerd in die plek daarvan gee—maar hy het gesê: Ek mag my wingerd nie aan u gee nie.
[7]Toe sê sy vrou Isébel vir hom: Oefen jý nou die koningskap oor Israel uit? Staan op, eet brood, en laat jou hart vrolik wees: ek sal jou die wingerd van Nabot, die Jisreëliet, gee.
[8]Daarop het sy briewe in die naam van Agab geskrywe en met sy seël dit verseël en die brief gestuur aan die oudstes en die edeles wat in sy stad was, wat by Nabot gewoon het.
[9]En in die briewe het sy dit geskrywe: Roep 'n vasdag uit, en sit Nabot vooraan onder die volk;
[10]en sit twee manne, deugniete, teenoor hom, wat teen hom getuig en sê: Jy het God en die koning gevloek! Lei hom dan uit en stenig hom, dat hy sterwe."
[16]

---

[14]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[15]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England
[16]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

1 Konings 21:22-24

22"En Ek sal jou huis maak soos die huis van Jeróbeam, die seun van Nebat, en soos die huis van Baésa, die seun van Ahía; weens die geterg waarmee jy My geterg het, en dat jy Israel laat sondig het.

23En ook oor Isébel het die HERE gespreek en gesê: Die honde sal Isébel eet by die voorskans van Jísreël.

24Die een wat van Agab in die stad sterwe, hom sal die honde eet, en wie in die veld sterwe, sal die voëls van die hemel eet."
[17]

2 Konings 9:10

10"En die honde sal Isébel eet op die dorpsgrond van Jísreël, en daar sal niemand wees wat haar begrawe nie." [18]

1 Konings 21:25

25"Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het."[19]

2 Konings 9:22

"Maar hy antwoord: Wat? Vrede, solank as die hoererye van jou moeder Isébel en haar towerye so baie is?"[20]

2 Konings 9:30-37

30"En Jehu het in Jísreël gekom. Toe Isébel dit hoor, het sy haar oë swart geverf en haar hoof versier en deur die venster uitgekyk.

31Terwyl Jehu deur die poort inkom, sê sy: Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou heer?

32En hy het opgekyk na die venster en gevra: Wie is vir my, wie? Toe kyk twee, drie hofdienaars uit na hom;

33en hy sê: Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap.

34En nadat hy ingegaan en geëet en gedrink het, sê hy: Kyk tog om na dié vervloekte en begrawe haar, want sy is 'n koningsdogter.

35Maar toe hulle gaan om haar te begrawe, kry hulle van haar niks nie as net die hoofskedel en die voete en die handpalms.

---

[17] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

[18] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

[19] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

[20] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

[36]Daarop kom hulle terug en gee hom dit te kenne; en hy sê: Dit is die woord van die HERE wat Hy deur die diens van sy kneg Elía, die Tisbiet, gespreek het, naamlik: Op die dorpsgrond van Jísreël sal die honde die vlees van Isébel eet.
[37]En die lyk van Isébel sal soos mis op die land wees op die dorpsgrond van Jísreël, sodat hulle nie sal kan sê: Dit is Isébel nie."
21

JESEBEL SE NAAM – Nuwe Testament

2403 Iezabel {ee-ed-zab-ale'}

- Van Hebreeuse oorsprong 0348; TDNT – 3:217, 348; n pr f
- AV – Jesebel 1; 1
- Jesebel = "kuis"
  1) vrou van Agab, 'n goddelose en wrede koningin wie afgodery beskerm het en die profete vervolg het
  2) die simboliese naam van 'n vrou wie haar voorgedoen het as 'n profetes, en verslaaf aan teenstrydigheid, aanspraak gemaak het of Christelike vryheid om dinge te eet wat aan afgode geoffer is.

JESEBEL SE NAAM – Ou Testament

0348 'Iyzebel {ee-zeh'-bel}

- uit 0336 en 02083;; n pr f
- AV – Jesebel 22; 22
- Jesebel = "Baal verhoog" of "Baal is eggenoot van" of "onkuis"
  1) koningin van Israel, vrou van Agab, dogter van Etbaal.

DIE WORTELS VAN JESEBEL SE NAAM – Ou Testament

0336 'iy {ee}

- moontlik identies van 0335 (deur die idee van 'n navraag); TWOT – 77; adv
- AV – eiland 1; 1
- 1) nie 02083 Z@bul {zeb-ool'}
- dieselfde as 02073;; n pr m
- AV – Zebul 6; 6
- Zebul = "verhoog
  1) hoofman van die stad Sigem tydens die stryd tussen Abimeleg en die inwonende Kanaaniete

02073 z@buwl {ze-bool'} of z@bul {zeb-ool'}

[21]*Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

- uit 02082; TWOT – 526a; n m
- AV – woonplek 3, woning 1, om in te woon 1; 5
- 1) verhoog, woning, verhoging, hoë tuiste, hoogte, woonplek

02082 zabal {zaw-bal'}
- 'n primitiewe wortel; TWOT – 526; v
- AV – bly by my 1; 1
- 1) (Qal) om te verhoog, eer, (moontlik) bly hoog

JESEBEL SE OORDEEL

Openbaring 2:22,23
22"Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.
23En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke."
22

BED

2825 kline {klee'-nay}
- uit 2827;; n n
- AV – bed 9, tafel 1; 10
- 1) 'n klein bed, 'n bank 2) 'n bank om op te lê tydens etes 3) 'n bank waarop 'n siek man gedra word

b
2827 klino {klee'-no}
- 'n wortel woord;; v
- AV – lê 2, buig 1, neerbuig 1, moeg 1, draai om te veg 1, verweer 1; 7
- 1) oorganklik 1a) om toe te gee, buig 1b) om terugval te veroorsaak 1c) om terug te leun 1c1) 'n plek van ontspanning 2) onoorganklik 2a) om jouself te verleen 2a1) van die verval van die dag

[22] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

OWERSPEL

3431 moicheuo {moy-kyoo'-o}

- uit 3432; TDNT – 4:729,605; v
- AV – pleeg owerspel 13, in egbreuk 1; 14
- 1) Om egbreuk te pleeg 1a) 'n egbreker te wees 1b) egbreuk te pleeg met, om onwettige gemeenskap te hê met die vrou van 'n ander 1c) van die vrou: om te ly onder egbreuk, om uitspattig te wees 1d) 'n Hebreeuse idioom, die woord is gebruik vir diegene wie deur 'n vrou se aandrang, weggetrek word na afgodery, bv. om te eet van dit wat aan afgode geoffer is.

WORTEL VAN EGBREUK

3432 moichos {moy-khos'}

- miskien 'n primêre woord; TDNT – 4:729,605; n m
- AV – egbreker 4; 4
- 1) 'n egbreker 2) metafoor van iemand wat onverskillig staan teenoor God, ongoddelik

VERDRUKKING

2347 thlipsis {thlip'-sis}

- uit 2346; TDNT – 3:139,334; n f
- AV – verdrukking 21, teistering 17, moeilikheid 3, wroeging 1, vervolging 1, belas 1, om geteister te word + 1519 1; 45
- 1) 'n drukking, saamdrukking, druk 2) metafoor vir oppressie, teistering, verdrukking, nood, moeilikheid

WORTEL VAN VERDRUKKING

2346 thlibo {thlee'-bo}

- verwant aan die basis van 5147; TDNT – 3:139,334; v
- AV – moeilikheid 4, teister 3, nou 1, massa 1, ly verdrukking 1; 10
- 1) om te druk (soos druiwe), druk hard op 2) 'n saamgedrukte wyse 2a) noue moeilikheid, saamgedruk 3) metafoor vir moeilikheid, teister, onderdruk

KINDERS

5043 teknon {tek'-non}

- uit die bases van 5098; TDNT – 5:636,759; n n
- AV – kind 77, seun 21, dogter 1; 99
- 1) nageslag, kinders 1a) kind 1a) 'n manlike kind, 'n seun 1b) metafoor 1b1) die naam oorgedra tot daardie intieme en wederkerige verhouding gevorm tussen mans deur die bande van liefde, vriendksap, vertroue, net soos tussen ouers en kinders 1b2) in liefdevolle aanspreekvorm, soos beskermhere, helpers, onderwysers wat behels: my kind 1b3) in die NT, leerlinge of dissipels word kinders genoem deur hul leraars, omdat laasgenoemde, deur hul onderrig, die verstande van hul leerlinge voed en hul karakters vorm 1b4) kinders van God: in die OT van "die volk van Israel" as veral kosbaar vir God, in die NT, in Paulus se skrywes, almal wie gelei word deur die Gees van God en dus naby verbind aan God 1b5) kinders van die duiwel: diegene wie in gedagte en daad deur die duiwel aangespoor word, en dus sy karakter reflekteer c) metafoor 1c1) van enigiets wat daarop staatmaak, beset is deur 'n begeerte of leifde daarvoor, verslaaf is daaraan 1c2) iemand wie aanspreeklik is vir enige lot 1c2a) dus kinders van 'n stad: sy inwoners en bewoners 1c3) die aanbidders van wysheid, die siele wat het, en soos dit is, gevoed en gevorm is deur wysheid 1c4) vervloekte kinders, blootgestel aan 'n vloek en verdoem tot God se toorn en straf.
- Vir sinonieme, sien inskrywing 5868

DIE LAS VAN JESEBEL

Openbaring 2:24 *[24]"En Ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las* [922] *lê nie."*[23]

LAS

922 baros {bar'-os}

- Moontlik uit dieselfde as 939 (deur die begrip om af te gaan; cf 899); TDNT – 1:553,95; n n
- AV – las 4, belas + 1722 1, gewig 1; 6
- 1) swarigheid, gewig, las, moeilikheid
- Vir sinonieme, sien inskrywing 5819

[23] *Die Bybel : Ou Vertaling*. 1996, c1954 (electronic edition of the 2nd edition.) . Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Suffolk, England

WORTEL VAN LAS

939 basis {bas'-ece}

- Van baino (om te stap);;n f
- AV – voet (sool van) 1; 1
- 1) stap, om te stap 2) dit waarmee mens stap, die voet

UITGEKLEE

554 apekduomai {ap-ek-doo'-om-ahee}

- middel stem uit 575 en 1562; TDNT – 2:318, *; v
- AV – uitklee 1, afsit 1; 2
- 1) algeheel van jouself afhaal 1a) bepalend van skeiding van wat afgehaal is 2) gestroop van self (vir jou eie beswil) 3) plunder, ontwapen

DIE WORTELS VAN UITGEKLEE

575 apo {apo'}

- 'n primêre deeltjie;; voorsetsel
- AV – uit 392, van 129, vanuit 48, vir 10, af van 10, deur 9, by 9, in 6, sedert +1739 5, op 5, nie tr. 15, misc. 31; 669
- 1) van skeiding 1a) van plaaslike skeiding, volgens werkwoorde van beweging uit 'n plek d.i. vertrek, of vlug, ... 1b) van skeiding van 'n deel van die geheel 1b1) waar 'n hele of 'n deel geneem is 1c) of enige soort skeiding van een ding van 'n ander waardeur die eenheid of kameraadskap van die twee vernietig word 1d) van 'n toestand van skeiding, dit is van afstand 1d1) fisies, of afstand van plek 1d2) tydelik, van afstand van tyd 2) van oorsprong 2a) van die plek waarvandaan alles is, kom, heengaan, geneem word 2b) van oorsprong van 'n saak

1562 ekduo {ek-doo'-o}

- uit 1537 en die basis van 1416; TDNT – 2:318,192; v
- AV – stroop 2, neem af van 2, ontklee 1: 5
- 1) om af te neem 1a) om iemand van sy klere te stroop 2) om jouself uit te trek, of jou klere uit te trek 3) fig. Om die liggaam af te lê, die klere van die siel

OWERHEDE

746 arche {ar-khay'}

- uit 756; TDNT – 1:479,81; n f
- AV – begin 40, owerheid 8, hoek 2, eerste 2, misc 6; 58
- 1) begin, oorsprong 2) die persoon of ding wat voorgaan, die eerste persoon of ding in a reeks, die leier 3) dit waardeur enigiets begin bestaan, die oorsprong, die aktiewe oorsaak 4) die ekstremiteit van iets 4a) van die hoeke van 'n seil 5) die eerste plek, owerheid, heers, magistratuur 5a) van engele en demone

WORTEL VAN OWERHEDE

756 archomai {ar'-khom-ahee}

- middelstem van 757 (deur die implikasie van voorbeeld); TDNT1:478,*;v
- AV – begin 83, hersien van die begin af 1:84
- 1) om die eerste te wees om te doen (enigiets); te begin 2) om hoof, leier, heerser te wees 3) te begin, om 'n begin te maak

757 archo {ar'-kho}

- 'n primêre woord; TDNT – 1:478,81; v
- AV – heers oor 1, heers oor 1; 2
- 1) om hoof te wees, te lei, te heers

BEKLEE

1746 beklee {en-doo'-o}

- uit 1722 en 1416 (soos om in 'n kledingstuk in te sak); TDNT – 2:319,192; v
- AV – trek aan 18, beklee met 2, geklee in 2, aanhê 2, geklee met 1, wees beklee 1, aangetrek in 1, wees aangetrek 1, vr trek aan 1; 29
- Om te sin in (kleding), aantrek, trek jouself aan

WORTEL VAN BEKLEE

1416 duno {doo'-no} of dumi {doo'-mee} of duo {doo'-o}

- Verlengde vorme van 'n absolute primëre duo {doo'-o} (om te sink); TDNT 2:318,192; v
- AV – stel 2; 2
- 1) om in te gaan, binnegaan 2) gaan onder, ingegooi te word, sink in 2a) gebruik in die NT van die ondergaan van die son

[Einde van studie]

Toestemming om te Kopieër

© 1999 Sandy Warner. Toestemming om die hele artikel te kopieër, word hierdeur verleen, solank as wat die teks nie verander of verwyder word nie. Toestemming om te vertaal in ander tale, word ook gegee. Toestemming om aan te stuur as 'n e-pos of om te pos na webwerwe, word toegestaan.

Skrywer: Sandy Warner

E-pos: Swauthor@aol.com

Webwerf: http://members.aol.com/swauthor/webpage/

Ten einde die integriteit van hierdie artikel te behou, word die insluit van bostaande paragraaf versoek saam met elke kopié. Dankie!

JESEBEL-GEES

Berader:

Agtergrond-inligting:- Jesebel begin met afgodediens en astrologie. Moeder/kind kultus begin.

Haar naam beteken: 'unexalted; onverhoogbaar' – 'without cohabitation; woon met niemand saam'.

Haar doelstelling en karaktereienskappe:

Word innerlik gedryf deur: perversiteit, rebellie, trots, arrogansie, hooghartigheid, heksery, ens.
Alles word gedoen om SELF te bevredig op alle gebiede: materieel en fisies (vlees). Ook onleerbaar, onafhanklik, arrogant, ens.

Dit kan manifesteer deur vroue sowel as deur mans.

- Hardkoppigheid – "ek sal doen soos ek wil!"
- Wil die ware profete van God vernietig en uit die weg ruim. (1 Kon. 18:3-4).
- Weerstaan die werking van die Heilige Gees.
- Probeer altyd Godgegewe leierskap afbreek en die eie ek te bevredig.
- Misbruik outoriteit en leierskap (bv. in gesin, kerk, werk, ens.)
- Probeer altyd leierskap infiltreer.
- Verwek vrees (bv. in werksituasie, kinders, huwelik, verhoudings, ens.)
- Gaan hand aan hand met afgodery en heksery, wat deel was van die lewe van Jesebel (2 Kon. 9:22)
- Bring die Agab-gees in andere na vore. (Agab-gees 'sulk' omdat hy nie sy sin kan kry nie, word depressief en kwaad. Weier om te praat en probeer so ander manipuleer).
- Dit reageer in die vlees (bv. dreig, "tantrum", ens.)
- Manipuleer mense op emosionele vlak (probeer hulle kry om te doen soos jy wil).
- Skuil agter godsdienstige dade.
- Lieg en bedrieg.
- Verdraai die betekenis van mense se woorde.

Wanneer Jesebel kontrole verkry, (bv. in 'n kerk) kan so 'n instansie vernietig word.

- Dit begin manifesteer in die vlees, volgens rigiede wette.
- Die Gees word weerhou om te vloei.
- Tradisie vervang openbaring.
- Ongehoorsaamheid vervang gehoorsaamheid.

- Vleeslike werke vervang die Gees se inspirasie.
- Dit kom onder die vloek van die wet.

MODUS OPERANDI – VALS GODSDIENS:

- Hulle intimideer met hulle houding van “ons weet dit alles”
- Bid aanmekaar en sit voor die Here.
- Hulle is geleerd, het vir baie jare studeer en ons as leke kan hulle niks vertel nie.
- Manipuleer ander met hul teologie.
- Manipuleer ander vanuit hul leierskaps-posisie.
- Manipuleer ander met geestelike kennis, ondervinding en oorgeestelikheid.
- Hulle hoor *altyd* van die Here.
- Hulle is die mans, en vroue moet luister wat hulle sê, of omgekeerd.
- Wetties en konserwatief. Gaan na selgroepe, stel leier of spreker in slegte lig; of ‘counsel hopping’.
- Maak beskuldigings met die doel om seer te maak.
- Manipuleer met trane.
- Afkraak, verneder, sny met die Woord.
- Baie praat.
- Seks en sodra eie begeerte bevredig is – skuldgevoelens.
- Woede.
- Verwarring (misleiding).
- PMS – PERMANENT MARITAL STRESS
- Manipulasie met geld.
- Slim, manipulerende sprekers.

Jesebel-gees beheer persone, huwelike, gesinne, families, gemeentes, ens. met 5 koorde:

1. **HEKSERY**
2. **KOMPROMIE**
3. **SEKSUELE ONGEREGTIGHEID**
4. **DIM = DOMINERING, INTIMIDERING, EN MANIPULERING**
5. **GODSDIENSTIGHEID.**

Volgens **Jesaja 47** is sy verantwoordelik vir:

1. Seniliteit met ouderdom – v6
2. Dwelmmisbruik – v9
3. Okkultiese heksery – v9
4. Ongemagtigde seksuele sondes – v8
5. Vrees – v12 (werk deur bv. massamoordenaars, verkragters, ens)
6. Astrologie – v13

Sterk moederfiguur > seun sal ‘n “valse self” hê > sal manifesteer in roekeloosheid of wegbreker of revolusie.
Die man probeer die versmorende kombers van feminisering van hom afgooi.

Indien beide ouers sterk is en teen mekaar meeding vir leierskap > psigologiese verwarring > vals persoonlikhede in kinders.

DIE SKRIFTUURLIKE GEVOLGE WAAR JESEBEL GEES HEERS:

- Werp haar op ‘n siekbed
- Die meeste kankers is Jesebel se oordeel.
- Slaan haar kinders dood
- Homoseksualiteit
- Egskeiding is ‘n produk van Jesebel
- Vroulike oorheersing
- Persone wat uit gebroke huise kom, het dikwels sterk geeste van die dood.
- Groot vervolging – uiterste oordeel
- Skisofrenie – verstandelike versteurdheid wat gekenmerk word deur gebrek aan kontak met die werklikheid en deur die disintegrasie van persoonlikheid.
- Schizothymia – gaan skisofrenie vooraf.
  Dubbelhartigheid – **Jak. 1:7,8** – “Het 2 siele”
- Twyfel en onstabiliteit. ‘n Vals persoonlikheid wat swakheid en onsekuriteit veroorsaak. “Jesebel se kind” binne-in. Die “kind” is ‘n alternatiewe persoonlikheid – swak en onseker, vol vrees, opstandig, seksueel afwykend of ander karaktertrekke teen die ware self. ‘n Sterk dominante moeder/ouma en passiewe vader > produseer dubbelhartige kinders/kleinkinders.
- Vrug wat dan deurkom is:
  # Manipulasie
  # Dominering
  # Intimidasie
  # Homoseksualiteit (Jesebel vermoor haar seuns se manlikheid)
  # Obsessie om te beheer of in beheer te wees.
  # Lastering
  # Bloedskande

JESEBEL-GEES …. OPEN. 2:20-23

VERLOëNINGS-GEBED

PERSOON:

Vader, ek staan vandag namens myself, sowel as namens my voorgeslag, voor U in die Naam van Jesus Christus. Ek wil skuldig pleit vir die feit dat ek toegelaat het dat die Jesebel-gees met haar 5 koorde deur my gewerk het, of dat ek toegelaat het dat dit oor my heers en ek in die Agab-gees beweeg het.

Ek kies om myself onder U Hand te verneder, sodat U my kan verhoog op die tyd wat U daarvoor bepaal het.

Ek bely dat ek deur my leefwyse en optrede die volgende sondes gepleeg het:

- U profete vernietig / teengestaan het (bv. in jou eggenoot, kind, ander, ens.)
- U outoriteits-strukture vernietig / teengestaan het (bv. ouers, onderwysers, huwelik, regering, ens.)
- Ek het my eie ego bevredig.
- Ek het teen die werk van die Heilige Gees gegaan of gestaan en die vloei van U Gees verhinder.
- Afgodery (bv. kennis, eie menings, kerk, tradisies, ens.)
- Heksery (bv. okkulte, of emosionele manipulering).
- Na die begeertes van die vlees gewandel het.
- Die Agab-gees in andere laat voortkom het.
- Die Agab-gees deur myself laat manifesteer het.
- My outoriteit en leierskap misbruik het.
- Mense se woorde verdraai het (om self goed te lyk).
- U woorde verdraai het, selfs in U Naam gespreek het wat U nie werklik gesê het nie.
- Leiers teëgegaan het.
- **Vrou**: My man, vader, leiers, werkgewers , ouers, se outoriteit ondergrawe en teëgegaan het en nie U voorskrifte gevolg het betreffende my gesinslede en ondergeskiktes nie.
- Leuens en agterbaksheid / blaam en suspisie op ander geplaas het.
- Gedomineer, geintimideer en gemanipuleer het.
- U Woord nie gehoorsaam het nie.
- **Man**: My vrou, gesinslede, ondergeskiktes, ouers, ens. nie behandel het volgens U voorskrifte nie (nie my posisie ingeneem as priester, koning en profeet nie.)
- Ander se moed gebreek het om U te volg en te gehoorsaam.
- Rebellie in al sy vorme in my lewe!

- Hardkoppigheid.
- Trots, arrogansie en beterweterigheid.
- Ander vals beskuldig en hul moed gebreek en bitterheid veroorsaak het (bv. huwelik, gesinslede, werknemers, andere).
- Kritiek, leuens en afbrekendheid.
- Begeerte na materiële welstand my beiinvloed het om myself en ander in probleme te beland en U Heilige Gees se waarskuwings te verontagsaam.
- Seksuele immoraliteit in al sy vorme.
- Manipulasie deur seks.
- Dat ek hierdie gees op my kinders en nageslag oorgedra het.
- Dat ek ander met vrees probeer intimideer het.
- Dat ek tradisie gehoorsaam en gevolg het, i.p.v. openbaringskennis.
- Dat ek die wet gevolg en toegepas het, i.p.v. die Heilige Gees.
- Ander in gevangeneskap gebring het (bv. verhoudinge, huwelik, kinders, ondergeskiktes, ens.)
- Ander probeer beheer het deur ‘n godsdienstige masker, kennis, geheimsinnigheid, werke, lang, leë gebede, ondervindinge, en super-geestelikheid.
- Woedebuie en verwarring wat ek geskep het.
- Bo-oor ander mense gehardloop of op hulle getrap het.

Vader, ek vra om vergifnis vir hierdie sondes. Ek kom staan vandag voor U op grond van U groot genade en die volmaakte Kruiswerk van Jesus, sowel as die versoening wat Hy vir my by U bewerk het. Op grond hiervan wil ek vandag vir U vra dat U my hande sal reinig van al die genoemde sondes, ook die waarvan ek nog nie eens bewus is nie. Reinig ook asseblief my hart, Vader!

Ek kom pleit ook by U vir die siel en verlossing van elke ander persoon wie ek ooit in my leeftyd besoedel het met my ingesteldheid en optrede. Ek vra nederig om vergifnis dat ek ‘n struikelblok was vir hulle en ek vra dat U hierdie vuil kleed wat ek tot nou toe gedra het, sal verwyder en my sal beklee met nuwe klere.

Ek vra vergifnis dat ek gedrink het uit hierdie beker van Jesebel en my laat beheer het deur:

1. Okkultiese geeste
2. Kompromie (afgodery) deur U dissipline af te water en nie respek vir U te toon nie.
3. Immoraliteit en afgodery.
4. DIM = Domineer, intimideer, manipuleer.
5. Valse godsdienstigheid.

Ek vra dat U my nou sal verlos en bevry van hierdie **5 koorde** waarmee die gees van Jesebel my vir so lank beheer het, in die Naam van Jesus Christus.

Dankie vir volmaakte verlossing deur die Naam en Bloed van Jesus, deur die Swaard van U Woord en die woord van ons getuienis: – **Open. 12:11** – "En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."

Ek bid ook, Heilige Gees, dat U my sal begelei op hierdie nuwe pad en dat U my sal help in hierdie proses van die vernuwing van my verstand in hierdie areas. Ek bid dat U die vertakkings van die werking van die Jesebel gees uit my lede sal trek, totdat daar niks oorbly nie.

Berader:

Voorbeeld van gebed*:*
Neem hierdie koorde en sny hulle een vir een:

1.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van OKKULTIESE MAGTE *sien tussen jou en jou setel in …….. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van* OKKULTIESE MAGTE *los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in 2 Sam. 22:32-37: "*Want wie is God buiten die Here, en wie 'n rots buiten onse God? Die God wat my sterk toevlug is, en Hy het vir my 'n weg volkomelik uitgesoek. Hy maak my voete soos die van herte en laat my staan op my hoogtes. Hy leer my hande om oorlog te voer, sodat my arms 'n koperboog span. En U het my die skild van U uitredding gegee, en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak. U het my voetstap onder my ruim gemaak, en my enkels het nie gewankel nie."

2.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van KOMPROMIE *sien tussen jou en jou setel in ……..*
Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van KOMPROMIE *los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe* ***in*** **Hand. 24:14b** – "Julle het al hierdie kwaad gedoen; maar wyk nie van die Here af nie, en dien die Here met julle hele hart."
Mat. 22:37 – "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."

3.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van IMMORALITEIT (AFGODERY) *sien tussen jou en jou setel in …… Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van* IMMORALITEIT *los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in* **Open. 19:7** – "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou HET HAAR GEREED GEMAAK."

4.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel in die geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van DOMINERING, INTIMIDERING EN MANIPULERING *sien tussen jou en jou setel in …….. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van* DIM *los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in* **Joh. 10:2-5** – "Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape. Vir hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie."

5.

Ek spreek jou nou aan, Jesebel indie geestesrealm, en ek verklaar dat ek daardie koord van VALS GODSDIENSTIGHEID *sien tussen jou en jou setel in ……. Ek neem nou die Swaard van die Gees en ek sny hierdie koord van* VALS GODSDIENSTIGHEID *los in die Naam van Jesus Christus. Daar staan geskrywe in* **Joh. 4:24** –" God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid."

Persoon bid self:

Vader, in die Naam van Jesus Christus, U Seun, verklaar ek nou:

- 'n egskeiding met die gees van Jesebel.
- 'n kansellasie van alle aanbidding wat sy ooit ontvang het deur my of my voorgeslag.
- Vernietiging van enige en alle verbonde wat met haar gemaak is.
- Verloëning van die Agab-gees.

In die outoriteit van die Naam van Jesus Christus, neem ek nou hierdie setel in myself in besit en oorhandig dit aan die Koninkryk van God.

Vader, in Jesus Naam vra ek dat U die volgende vloeke en gevolge a.g.v. my en my voorgeslag se betrokkenheid by hierdie Jesebel gees se aktiwiteite, oor my en my nageslag sal verbreek:

- Vloek van ‘n bed van pyn en lyding
- Terneergedruktheid
- Vloek van uiterste oordeel
- Vloek van die dood (Open.2:22,23)
- Vloek van vernedering en naaktheid.
- Vloek van slawerny
- Vloek van seniliteit
- Vloek van homoseksualiteit en lesbianisme
- Vloek van kanker
- Skisofrenie
- Vloek van egskeiding
- Vloek van vroulike oorheersing
- Vloek van manlike oorheersing
- Twyfel en onstabiliteit
- Bloedskande
- Lastering
- Verlies van kinders
- Verlies van huweliksmaat
- Vloek van rampe en booshede
- Eensaamheid en verlatenheid
- Vloek van heksery
- Vervolging

Ek vra dat U elkeen van hierdie vloeke in my en my voor- en nageslag se lewens sal verander in ‘n seën.

In die Naam van Jesus Christus bind en werp ek die dogter van Jesebel uit my lewe. Ek spreek vernietiging oor die altare waar Jesebel aanbidding ontvang het in my lewe, en rig ‘n altaar daar op vir God.

Daar staan geskrywe in **2 Sam.24:25**: – “Hy het net daar ‘n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.”

Die vesting in my lewe waar Jesebel gewoon het, word nou vernietig en ‘n troon vir Christus Jesus daar gevestig.

In die Naam van Jesus Christus spreek ek nou verwelking en dood oor alle vrugte van manipulasie deur die gees van heksery in my lewe.

Ek vra dat U alle suurdeeg wat my laat neig het om onder beheer van hierdie gees te wandel, uit my denkpatrone, wil, emosies en liggaam sal verwyder.

Vader, in Jesus se Naam vra ek dat die gees van Elia in my sal opstaan ten einde Jesebel in die Liggaam van Christus te ontbloot.
Ek bid Vader, dat die harte van die vaders gedraai sal word na die kinders volgens **Mal. 4:5,6.**
Ek bid dat die ongehoorsame gedraai sal word na die wysheid van die regverdige – dat goddellike beginsels geleef sal word in my lewe, ten einde spesifieke probleme die hoof te bied.
Ek vra dat meer en meer geestelike vaders en moeders uit ons midde na vore sal tree om die weg aan te dui en ook om U volk by die hand te neem en hulle in paaie van geregtigheid te lei.

Ek bid, Vader, dat U sal toesien, deur U Gees, dat ek voorberei sal word as deel van U Bruid sonder vlek of rimpel.

Dankie, Abba Vader, vir U groot genade. Seël hierdie gebed nou met die Bloed van Jesus Christus en dankie dat U hoor en verlos!

AMEN.